Stella straat

Handelinge 1:6-8

"Getuie wees ongeag"

Tuis-Adoramus 24 Mei 2020

geskryf deur Willem Nicol (083 966 7831)

Tema: "Getuie wees ongeag"

Teks: Handelinge 1:6-8

Liewe Vriende,

Ons moedig dit aan om die Tuis-Adoramus ook as 'n "Stiltetyd-nadenke" (Bybelstudie) te gebruik. Dit beteken dat jy die Tuis-Adoramus ook in die week kan gebruik om voor die Woord en die Here stil te word.

INLEIDING

Donderdag was Hemelvaartdag. Kom ons laat woorde wat Jesus kort voor sy hemelvaart gesê het, hierdie week in stilte in ons indring. Ek hoop die reeks uitnodigings wat hierop volg, gaan jou daarmee help.

AANSTEEK VAN DIE KERS

Doen iets om atmosfeer te skep waar jy sit, byvoorbeeld deur 'n kers aan te steek. Begin dan met die volgende gebed in Psalm 43:3 "Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei en my bring na u heilige berg, na u woning!"

SANG EN MUSIEK

Kom ons begin deur te luister na hoe kinders iets sing wat ons goed inlei:

https://www.youtube.com/watch?v=sHwqCh7TVg8

Daar is 'n rede waarom ek dink ons moet soms na kinderliedjies luister – dink daaroor na.

Lees lied 158:1. Dis moeilik om alleen te sing, maar lees dit gerus hardop. Kom ons sien in ons verbeelding hoe daar “glansend lig” van God af deur Jesus op ons “skyn” en ons skoon maak sodat ons dit helder kan weerkaats.

AGTERGROND VAN DIE TEKS

Kom ons mediteer oor woorde uit die Heilige Skrif.

- Gebruik eers ’n paar minute om gemaklik en rustig te sit. Laat jou besige aandag ’n rusplek vind in jou hande, asem of enigiets anders. Laat jou aandag telkens daarheen terugkeer.
- Lees die volgende Skrifgedeelte, dalk tweemaal sag en eenmaal hard.
- Lees wat geskryf staan onder “om op te let” en kyk weer mooi na die Skrifgedeelte.

Nou kan jy dalk iets kleins uit die Skrifgedeelte kies om as volgende rusplek vir jou aandag te dien, waarna jou aandag telkens kan terugkeer om daarna te luister. Bly vir ’n tyd daarby.

Handelinge 1:6-8

- Toe hulle ‘n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?"
- Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

NADENKE

Om op te let:

- Die dissipels wat die vraag stel, dink klaarblyklik nogsteeds aan ’n politieke koninkryk, bevryding van die gehate Romeine. Dalk dink hulle hulle sal goeie poste daarin kry.

- Jesus se antwoord beteken: Julle verstaan nie watter soort koninkryk gaan kom nie, maar dit gaan kom deurdat julle my getuies is.
- Met "getuies" bedoel die Nuwe Testament steeds dat ons met woord en lewe getuig. Vandag kom die lewe eerste, want die mense om ons ken reeds die woorde. Jesus wil in ons lewens weerkaats word.
- Hoe sal ons dit regkry? Ons hoef nie, want daar staan tweemaal "sal". Die Gees doen dit.
- Ons behoort nie bewus te wees daarvan indien helder weerkaats nie, dis nie ons saak nie.
- Ons is dus deel van 'n koninkryk wat bestaan uit miljarde Jesus-volgelinge, meestal klein mensies, wat deur die eeue iets weerkaats het van hoe Jesus en sy Vader is.

WOORDKUNS

Nog 'n klein tydjie – Sheila Cussons (Vir Sylvia de Wet-Usher)

Sy loop al jare op net genade,
hoe anders vermag haar jare so veel?
Haar lag kom dikwels
en dit is heerlik
omdat sy so bly is en seker en vry;
al blyer
na elke oorgawe aan Hom,
na elke oorgawe transparanter,
tot self en liefde en Christus een is
en drumpel en vlamming van oorgang soos dit in die begin was,
nou is en ewig sal wees, wêreld sonder einde.
Wees U vir my die Is wat U is.

GEBED

My HERE, my eienaar,
het U my hierdie een lewe,
hierdie eenmalige geleentheid,
met 'n enkele doel gegee –
om helder weerkaatser van u glansend lig te wees?
Net een doel?
Maar ek –
is ek nie vol modder nie?
Klou ek daaraan?
Here, maar vandag,
na ek al lank op pad is,
vra ek, ja vrá ek,
was my,
was my sewe maal.

MUSIEK

Kom ons staan 'n rukkie stil by Lied 308:1. As jy wil, kan jy dit sing ook.

Ter afsluiting luister ons na iets vroliks wat mooi hier pas:

https://www.youtube.com/watch?v=hMh-4xtvIF0 .

SEëNBEDE

Christus se vrede vir jou vandag.